# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

## GEDRAGSKODE VIR OUERS

**WETSVEREISTES** VAN DIE BELEID: Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no. 84 van 1996)

**DOEL VAN DIE BELEID:**

Die daarstel van 'n stel skriftelike reëls en beginsels, griewe en gedrag in die algemeen. Die beleid is van toepassing op biologiese ouers en/of die voog van die leerder en/of iemand wat 'n wettige aanspraak het op die sorg en beheer van die leerder.
Om die ouers te laat besef dat onderlinge samewerking tussen die skool en die ander persone wat by die opvoeding en onderwys van ons kinders betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom om die waardes en beginsels van die skool te handhaaf.

**REGTE VAN OUERS:**

Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die skolewet.

Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van sy/haar kind by die skool aktiwiteite of selfs gedragsafwykende gedrag indien dit openbaar word.

Enige probleem met die beheerliggaam / skoolhoof te bespreek, wat dit verder sal hanteer met die betrokke partye, maar op so 'n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie/sy regte nie aangetas word nie.

Vordering van leerders met personeel te bespreek. Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang.

**INLEIDING:**

Die ouer bly die primêre opvoeder van die kind en is dus primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie sonder meer in die hande van die skool gelaat word nie.

Die skool, daarenteen, behartig veral die deel van die opvoedingstaak, wat weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie geredelik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die skool en die gesin het dus elkeen sy eie taak om te vervul en die een kan sonder meer die taak van die ander een suksesvol oorneem nie. Tog is hulle ten nouste by mekaar betrokke en word hulle onvervreembare bondgenote in die opvoeding van die kinders.

Ouerbetrokkenheid by die skool word bepaal deur die kwaliteit van die ouer se betrokkenheid by sy eie kind. Ouerbetrokkenheid begin in die gesin en die ouer wat nie by sy kind betrokke is nie sal moeilik tot betrokkenheid by die skool gemotiveer word. Volwasse ouerbetrokkenheid veronderstel verstandige besluite en duidelike riglyne aan die kinders oor wat mag en nie mag nie; oor werkshouding, getrouheid, entoesiasme, pligsbesef, verantwoordelikheid, vryetydsbesteding, optrede teenoor opvoeders en maats, vesting die 7 lewenswaardes van ons skool, aanleer van maniere en etiket.

Dit is belangrik dat 'n gunstige lewensruimte by die huis en skool moet bestaan vir die kinders. Dit

berus daarop dat daar 'n gees van vrymoedigheid en toeganklikheid vir kinders en ouers sal bestaan by die skool. Dit word gedra deur 'n gees dat mense vir mekaar omgee en medeverantwoordelikheid vir 'n probleem wil neem. Om doelgerig te werk om 'n gelukkige skoolgemeenskap tot stand te bring sal die ouers en opvoeders moet voorloop en sorg dat die leerders innerlik geborgenheid ervaar om so hulle beste te lewer. Die skool en ouerhuis moet hande vat om die ideale atmosfeer daar te stel vir die kinders. Die kinders moet ook geleer word dat die gunstige klimaat by die huis en skool nie misbruik mag word vir onaanvaarbare gedragspraktyke nie. Wanneer 'n kind op onaanvaarbare wyse optree behoort die skool die vrymoedigheid te neem om met die ouers in verbinding te tree om die probleem op te los.

**Om bogenoemde te bereik behoort die ouers die volgende te doen :**

- Ouers onderneem om opvoeders te ondersteun in hulle taak en hulle interaksie met leerders, die opvoeders se gesag en beeld te versterk en nie af te breek nie.
- Ouers moet leerders opvoed om gesag te aanvaar en respek te hê vir ouer persone.
- Ouers moet leerders leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle foute en daaruit te leer. Om altyd verskoning te vind vir leerders se foute, werk nadelig in op die leer- en lewensontwikkeling van die kind.
- Ouers behoort realistiese verwagtinge t.o.v. hul kinders se akademiese, sport en kultuur, potensiaal te hê.
- Die skool en veral leerders, verwag van hulle ouers om betrokkenheid te toon by die buitemuurse programme. Betrokkenheid is ouers se beste bydrae tot die skool en leerder.
- Ouers onderneem om hulle altyd waardig aan die aard en karakter van Laerskool Jacobsdal te gedra en nie deur enige optrede die goeie naam en reputasie van die skool aan te tas nie, hetsy in enige skoolsituasie of langs die sportveld.
- Ouers moet ook leerders ondersteun en leer hoe om teleurstellings te verwerk.
- Ouers behoort hul kinders te motiveer om geskille met mede-leerders d.m.v gesprekvoering op te los en nie d.m.v geweld nie, hetsy fisies, geestelik of emosioneel. [Boelie]
- Van ouers word verwag om die regte kanale te volg indien hulle enige klagte of voorstel het.
- Ouers moet die beheerliggaam en die skoolhoof toelaat om die skool te beheer en te bestuur en nie reg in eie hande neem nie.

**PROBLEEMOPLOSSINGPROSEDURE:**

Indien ouers probleme met akademie/ onderwyser ondervind, moet 'n afspraak met daardie betrokke onderwyser gemaak word en die saak persoonlik met die betrokke opvoeder bespreek word, onderworpe aan gedragskode. Indien die saak nie bevredigend opgelos kan word nie, kan dit na die skoolhoof geneem word.

Griewe moet, ooreenkomstig die grieweprosedure, nl: skriftelik by die skoolhoof ingedien word en die klaer moet versoek dat die saak na die beheerliggaam verwys word.

Ouers moet hulle deeglik vergewis van albei kante van die betrokke saak en moet nie sommer aanvaar dat dit wat die kind vertel, die absolute waarheid is nie.

Geen ouer mag enige kind op die skoolterrein berispe of aanspreek indien daardie leerder 'n probleem het met sy/haar kind nie. Alle sake moet dadelik onder die aandag van die skoolhoof gebring word.

**BESTUURSAKE:**

- Die Beheerliggaam as verteenwoordigers van die ouers moet altyd optree in die beste belang van die skool, moet sorg dat goeie kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis bestaan sodat die ouers hulle insette in die bestuur van die skool kan lewer.
- Ouers behoort hulle beskikbaar te stel vir verkiesing op rade of komitees van die skool en geko͏öpteer te word.
- Ouers moet bereid wees om hulle neer te lê by vergaderingbesluite waar die meerderheidsbesluit geld.
- Ouers behoort die skoolhoof te ondersteun in sy/haar besluite en bestuur van die skool.
- Ouers behoort die skool se ouervergaderings by te woon.
- Ouers moet onderneem om nie onnodig met die skool se sake in te meng nie.

**AKADEMIE:**

- Ouers behoort ouerklasbesoeke gereeld by te woon om te verneem oor die vordering en gedrag van hulle kinders.
- Die ouer behoort met die opvoeder in gesprek te tree as daar 'n probleem met die leerder se vordering op skool ontstaan.
- Ouers se betrokkenheid by leerders se skoolwerk is noodsaaklik en ouers moet leerders opvoed en motiveer om daagliks hulle huiswerk nougeset te doen.
- Ouers moet toesien dat hulle kinders leer vir toetse, eksamens en assesserings en hulle kinders se toetse en rapporte te teken as die skool so versoek.
- Ouers behoort gereeld na hulle kinders se skrifte te kyk en handtekeninge aan te bring as daar so 'n versoek gerig word.
- Ouers behoort toe te sien dat hul kinders die nodige toerusting en skryfbehoeftes het om hul klaswerk behoorlik te doen.
- Ouers moet hulle kinders ondersteun deur ekstra hulp te verleen.
- Die skool verwag van ouers van leerders wat op herhaling afstuur, om maksimale ondersteuning tuis te gee om dit te verhoed. Indien leerders wel herhaal, word emosionele steun aan hulle vanaf hulle ouers verwag.
- Ouers behoort saam met die skool te werk as die skool sekere aanbevelings doen in verband met die kind se skolastiese vordering.
- Ouers behoort hulle kinders moreel en finansieël te ondersteun as die kinders sekere projekte moet inlewer soos take of ander leeareaopdragte om goed te versamel en saam bring skool toe.
- Ouers kan nie onderwysers steur in die onderrig van leerders nie. Ouers moet by die kantoor aanmeld alvorens hulle die klasse ontwrig of met onderwysers of leerders wil praat.

**DISSIPLINE:**

- Ouers behoort hulle neer te lê by die skool se dissiplinêre kode en toe te sien dat hulle kinders die skoolreëls gehoorsaam.
- Ouers behoort toe te sien dat hulle kinders in die regte skooldrag skool toe kom.
- Ouers moet sorg dra dat leerders betyds is vir skool. Afsprake t.o.v nie-skoolaangeleenthede moet vir buite skoolure beplan word, sodat leerders nie onnodig onderrigtyd verloor nie.

**FINANSIES:**

- Ouers is aanspreeklik om die voorgeskrewe skoolgelde betyds te betaal.

- Ouers is aanspreeklik daarvoor om die beheerliggaam betyds in te lig as daar finansiële probleme binne die gesin ontstaan en die ouers nie die voorgeskrewe skoolgeld kan betaal nie.
- Ouers moet ook bereid wees om enige kampfooie, toergelde, busgelde vooruit te betaal aan die skool indien hulle kinders sou deelneem aan sodanige aktiwiteite

**BUITEMUURS:**

- Ouers behoort entoesiasties te wees oor die skool se buitemuurse program en dit te volg en behoort dit vir hulle kinders moontlik te maak om aan die skool se buitemuurse program deel te neem.
- Ouers behoort hulp aan te bied waar nodig.
- Ouers moet hulle kinders self en betyds afhaal by die skool wanneer na-ure aktiwiteite plaasvind soos uitstappies of sportgeleenthede.

**BETROKKENHEID BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE EN SPORTBYEENKOMSTE:**

Die deelname van leerders aan enige buitemuurse aktiwiteit is 'n voortsetting van die opvoedingsproses daarom is die optrede van ouers langs die veld/baan van uiterse belang om nie aanstoot te gee nie.

Ouers onderneem dus om hulself te weerhou van opmerkings teenoor die skeidsregters en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste. Hulle ook te weerhou van geweldadige, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag.

Sien gedragskode vir sportaangeleenthede.

**SKOOLBYWONING:**

- Ouers moet toesien dat hulle kinders daagliks tydens skoolure die skool bywoon.
- Ouers behoort **vooraf toestemming** [per epos of telefonies] te verkry as hulle kind afwesig gaan wees van die skool.
- Ouers moet ook 'n afwesigheidsbrief aanbied as 'n leerder weens siekte of enige ander sake afwesig was.
- Ouers moet verseker dat hulle kinders betyds by die skool opdaag voordat die skooldag amptelik 'n aanvang neem.
- Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om sy/haar kind by die skool af te haal na skoolsluiting omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na ure nie.

**MEDIES:**

- Ouers behoort die skool in te lig oor enige siekte, afwyking, kwaal of toestand wat die kind mag hê.
- Ouers behoort hulle kind/ers gesond en skoon skool toe te stuur. Ouers behoort nie hulle kinders skool toe te stuur as hulle siek is nie.
- Ouers moet 'n skool skriftelik toestemming gee indien daaglikse medikasie gebruik moet word.
- Ouers behoort hulle kinders medies te laat behandel as die skool dit versoek soos in die geval van kopluise.
- Ouers moet bereid wees om hulle kinders te kom afhaal by die skool wanneer die kinders by die skool seerkry, siek is en mediese versorging benodig.

- Ouers moet die nodige medikasie aan die skool voorsien indien hulle kinders allergies is vir sekere dinge wat die kinders mag aantas by die skool soos bv. bysteke.
- Ouers onderneem om 'n openbare amptenaar van die skool aan te stel as die gemagtigde verteenwoordiger van die skool wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word om namens en in die ouers se plek en tot enige van die ondergemelde toe te stem indien die ouers nie beskikbaar is nie:
- Chirurgiese of mediese prosedure en\of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van gemelde kind.
- Die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde.
- Ouers onderneem om enige mediese koste op aanvraag te betaal en onderneem om enige van die skool se openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir enige koste wat in verband met mediese uitgawes aangegaan mag word.
- Ouers bevestig dat mediese rekeninge direk aan hulle gestuur moet word vir vereffening deur die ouer.

**KOMMUNIKASIE:**

- Ouers moet bereid wees om inligtingsvraelyste in te vul vir die skool se amptelike rekords.
- Ouers behoort die omsendbriewe te lees en daarop te reageer as daar skeurbriefies betrokke is.
- Ouers moet aansluit by die SMS kommunikasiestelsel van die skool om deurgaans op hoogte te bly van skoolsake.
- Ouers behoort die weeklikse nuusbrief van die skool saam met hul kind/ers te lees en te teken dat hy/sy dit ontvang en gelees het.
- Ouers moet die skool van hul persoonlike kontak besonderhede te voorsien en die skool in kennis te stel indien dit verander het.
- Ouers behoort eers die skoolhoof te gaan spreek as hulle ongelukkig is oor iets by die skool en behoort nie 'n aangeleentheid uit verband te ruk nie. Berigte in die media kan die skool se openbare beeld onnodig skaad, terwyl die probleem maklik in die kantoor opgelos kon word.

**PROJEKTE/FUNKSIES:**

- Ouers se meelewing en lojaliteit ten opsigte van skoolfunksies is ook noodsaaklik. Alhoewel ouers se betrokkenheid by fondsinsamelings vrywillig en nie-verpligtend is, strek die sukses van die projekte tot voordeel van die leerders.
- Ouers behoort bereid te wees om tydens funksies te kom help om van die funksie 'n sukses te maak.

**SKOOLEIENDOM:**

- Ouers behoort hulle kinders van stewige tasse te voorsien sodat die skool se handboeke nie onnodig beskadig word nie.
- Ouers behoort hulle kinders van materiaal te voorsien om hulle boeke oor te trek.

**VEILIGHEID VAN LEERDERS:**

- Ouers behoort die skool te ondersteun as die skool sekere veiligheidsmaatreëls instel om die kinders se veiligheid te verseker.
- Ouers moet bereid wees om die skool te help beveilig in die geval van natuurrampe of noodsituasies.

.................................................. 14/01/2025

**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM** **DATUM**